VulaLearn

# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 9*

# *Selfstandige Naamwoorde*

## Notas

SELFSTANDIGE NAAMWOORDE :

Hoe toets ek of iets 'n selfstandige naamwoord (noun) is?

- ➢ het (soms) meervoud en verkleining [tafel; tafeltjie]
- ➢ het (soms) geslag (gender) [kelner; onderwyseres]

Daar is 4 belangrike soorte:

1. soortnaam (common noun)
   Goed waaraan jy gewoonlik kan vat of kan sien soos skoen, pot, boek, hand

2. eienaam (proper noun)
   Name van lande, mense, besighede, handelsmerke, tydperk soos Coca-Cola, Facebook,  Johan, Kaapstad, Renaissance

3. abstrakte s.nw (abstract noun)
   Emosies, gevoelens, eienskappe soos liefde, tevredenheid, geduld

4. versamelname (collective noun)

Wanneer goed in 'n versameling voorkom gebruik ons woorde soos 'n trop skape, 'n tros  druiwe, 'n bondel wasgoed, 'n swerm voëls

<u>MEERVOUDE:</u>

**MEERVOUDE**

| KORT VOKAAL | |
|---|---|
| bak | bakke |
| bok | bokke |
| pil | pille |
| nek | nekke |

| EINDIG OP -og | |
|---|---|
| oog | oë |
| boog | boë |
| oorlog | oorloë |

| EINDIG OP -o, -l, -u + BEKLEMTOONDE -a | |
|---|---|
| pa | pa's |
| foto | foto's |
| skadu | skadu's |
| bikini | bikini's |

| EINDIG OP -uig | |
|---|---|
| vliegtuig | vliegtuie |
| voertuig | voertuie |

| EINDIG OP -heid | |
|---|---|
| besigheid | besighede |
| moeilikheid | moeilikhede |

| LANG VOKAAL | |
|---|---|
| paal | pale |
| been | bene |
| boom | bome |
| vuur | vure |

| EINDIG OP -ag | |
|---|---|
| vraag | vrae |
| dag | dae |
| vlag | vlae |

| DUBBEL KONSONANT | |
|---|---|
| park | parke |
| dorp | dorpe |
| prent | prente |

| -f WORD w | |
|---|---|
| brief | briewe |
| golf | golwe |
| sif | siwwe |
| slaaf | slawe |

| ANDER VOKALE / DIFTONGE | |
|---|---|
| mier | miere |
| boek | boeke |
| muis | muise |
| seil | seile |
| deur | deure |
| fout | foute |
| pyl | pyle |

| WOORDE WAT -te KRY | |
|---|---|
| bees | beeste |
| fees | feeste |
| lys | lyste |
| nes | neste |
| prefek | prefekte |
| produk | produkte |
| tydskrif | tydskrifte |

| WOORDE WAT -ens KRY: | |
|---|---|
| bad | baddens |
| bed | beddens |
| gevoel | gevoelens |
| lewe | lewens |
| vrou | vrouens |

| UITSONDERINGS | |
|---|---|
| blad | blaaie |
| brug | brûe |
| buurman | bure |
| eetding | eetgoed |
| gat | gate |
| glas | glase |
| hemp | hemde |
| lid | lede |
| nag | nagte |
| pad | paaie |
| skip | skepe |
| spel | spele |
| stad | stede |
| tyd | tye |

<u>VERKLEINING:</u>

## VERKLEINING

| | | |
|---|---|---|
| **KORT VOKAAL<br>+ k, p, g, s**<br>dak dakkie<br>pop poppie<br>sug suggie<br>kas kassie | **LANG VOKAAL**<br>skaap skapie<br>rook rokie<br>neef nefie | **KORT VOKAAL<br>+ l, m, n, r**<br>bal balletjie<br>kam kammetjie<br>man mannetjie<br>ster sterretjie |
| **ENDIG OP -d**<br>hoed hoedjie<br>mond mondjie<br>potlood potloodjie | **ENDIG OP -t**<br>mat katjie<br>boot bootjie<br>present presentjie | **2 VOKALE/KONSONANTE**<br>neus neusie<br>broek broekie<br>park parkie |
| **1 LETTERGREEP + -ing, ong, ang**<br>ring ringetjie<br>slang slangetjie<br>sprong sprongetjie | **2+ LETTERGREEP + -ing**<br>koning koninkie<br>heining heininkie<br>horing horinkie<br>tekening tekeninkie | **LANG VOKAAL/DUBBEL KONSONANT + m**<br>boom boompie<br>arm armpie<br>skelm skelmpie |
| **EINDIG OP -o, -i, -u + BEKLEMTOONDE -a**<br>pa pa'tjie<br>foto foto'tjie<br>skadu skadu'tjie<br>bikini bikini'tjie | **EINDIG OP -ie**<br>baadjie baadjietjie<br>mandjie mandjietjie<br>horlosie horlosietjie<br>meisie meisietjie<br>vakansie vakansietjie | **UITSONDERINGS:**<br>blad blaadjie<br>gat gaatjie<br>pad paadjie<br>spel speletjie<br>wa waentjie |

<u>TELWOORD</u>

Daar is TWEE soorte:

<u>1.</u> Hooftelwoord (hoof=main)

Dit is woorde met 'n GETAL/hoeveelheid soos twee, twee en dertig / twee-en-dertig, honderd, drie duisend / drieduisend, baie, min

<u>2.</u> Rangtelwoord (rang=rank)

Dit is woorde wat 'n RANG/posisie aandui soos eerste, vyfde, laaste, soveelste

<u>SOORTE SINNE</u>

- Stelsin (statement) - Die seun skop die bal.
- Vraagsin (question) - Skop die seun die bal?
- Bevelsin (command) - Skop die bal. / Moenie die bal skop nie!
- Uitroepsin (exclamation) - Die seun gaan val!